

# OPNAMEVORM

PASIËNT OM TE VOLTOOI VOLLEDIG (DRUKSKRIF ASSEBLIEF)

**BEIDE DIE ID DOKUMENTE VAN DIE HOOFLID EN PASIËNT ASOOK DIE MEDIESE FONDSKAART MOET BY OPNAME GETOON WORD. PRIVAAT PASIËNTE EN MEDIESE FONDS PASIËNTE MET 'N BYBETALING MOET BETAAL BY TOELATING. KONTAK DIE REKENING AFDELING MET ENIGE NAVRAE.**

## PASIËNT BESONDERHEDE

VAN: \_\_\_\_\_ TITEL: \_\_\_\_\_ VOORLETTERS: \_\_\_\_\_

VOORNAAM: \_\_\_\_\_

ID OF PASPOORT NOMMER: \_\_\_\_\_ GEBOORTEDATUM: \_\_\_\_\_

WOON ADRES: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ POS KODE: \_\_\_\_\_

POS ADRES: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ POS KODE: \_\_\_\_\_

BEROEP: \_\_\_\_\_ WERKGEWER: \_\_\_\_\_

GESLAG: MANLIK  VROULIK  NATIONALITEIT: \_\_\_\_\_ GELOOF: \_\_\_\_\_

HUISTAAL: \_\_\_\_\_ PASIËNT SEL NO: \_\_\_\_\_

TEL NO: \_\_\_\_\_ WERK TEL: \_\_\_\_\_

EPOS ADRES: \_\_\_\_\_

NAASBESTAANDE (1): \_\_\_\_\_

VERWANTSKAP: \_\_\_\_\_ SEL NO: \_\_\_\_\_

NAASBESTAANDE (2): \_\_\_\_\_

VERWANTSKAP: \_\_\_\_\_ SEL NO: \_\_\_\_\_

## REKENINGPLIGTIGDE / HOOFLID VAN MEDIESE FONDS

VAN: \_\_\_\_\_ TITEL: \_\_\_\_\_ VOORLETTERS: \_\_\_\_\_

VOORNAAM: \_\_\_\_\_

ID: \_\_\_\_\_ GEBOORTEDATUM: \_\_\_\_\_

POS ADRES: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ POS KODE: \_\_\_\_\_

BEROEP: \_\_\_\_\_ WERKGEWER: \_\_\_\_\_

WERKADRES: \_\_\_\_\_

SELL NO: \_\_\_\_\_ TEL NO: \_\_\_\_\_

WERK TEL: \_\_\_\_\_ EPOS ADRES: \_\_\_\_\_

## MEDIESE FONDS BESONDERHEDE EN/OF TEKORTDEKKING POLIS

MEDIESE FONDS: \_\_\_\_\_ MEDIESE FONDS NO: \_\_\_\_\_

MEDIESE FONDS PLAN: \_\_\_\_\_ PASIËNT AFHANKLIKE KODE: \_\_\_\_\_

HET U 'N TEKORTDEKKING POLIS (GAP COVER): JA  NEE  (INDIEN JA, SPESIFISEER ASB.)

TEKORTDEKKING POLIS: \_\_\_\_\_ POLIS NO: \_\_\_\_\_

*Vra asb. indien as u enige bepaling hieronder nie verstaan nie.***PRYSE/FOOIE EN BETALING**

1. Ons fooie word vasgestel in terme van die volgende beginsels:
  - 1.1. Hierdie hospitaal hef rekeninge volgens ons rekeninge-beleid.
  - 1.2. Die algemene bepalings m.b.t. privaat-pasiënte (d.w.s. wat nie aan mediese fondse behoort nie) verskyn op ons webwerf ([www.pasteureye.co.za](http://www.pasteureye.co.za)) of is beskikbaar op navraag van ons personeel.
  - 1.3. Die bepalings en voorwaardes van toepassing op mediese fondse pasiënte verskil van fondse tot fondse en van een opsie (plan) tot 'n ander. U moet u fonds kontak om die besonderhede m.b.t. die betaling van verskillende dienste te kry. Indien u bekommerd is oor die bedrae, moet u dit asb. met u skema opneem.
  - 1.4. Ons fooie is net van toepassing op u hospitaal-besoek, verpleegsorg, teater-kostes en die medisyne en mediese toerusting wat gebruik word tydens u besoek. Ons hef ook fooie vir onverwagte behandeling of intervensies, soos uiteengesit hieronder in punt 2.
  - 1.5. Ons fooie sluit die kostes van die dokter(s), narkotiseurs en terapeute wat by u gesondheidsorg betrokke mag wees uit. U moet die fooie en betrokke rekening-voorwaardes met die betrokke diensverskaffer bespreek.
2. Neem asb. kennis dat die koste van gesondheidsorg partykeer afhang van hoe u op behandeling of operasies reageer. Die Wet maak voorsiening daarvoor dat ons stappe kan neem om u lewe te red, of om te probeer voorkom dat u gesondheid benadeel word of agteruitgaan. In so geval kan 'n addisionele bedrag tot u rekening bygevoeg word.
3. Die aanvaarde kwotasie moet deur privaat pasiënte die dag van opname betaal word. Die balans is binne 30 dae na die finale rekening ontvang is betaalbaar.
4. Die mediese fondse sal op die vooraf-opname magtigings aandui of 'n bybetaling van toepassing is. In die geval van 'n bybetaling, is die bybetaling betaalbaar die dag van opname.
5. Deur Pasteur Oog Hospitaal as u diensverskaffer te kies:
  - 5.1. Gee u toestemming dat ons u rekening aan u mediese fondse kan voorlê vir betaling. Dit beteken nie dat die fondse die rekening ontvang het of aanspreeklik is vir die vereffening hiervan nie. Dit bly wel u verantwoordelikheid om te bevestig dat die rekening vereffen is. U bly steeds aanspreeklik daarvoor.
  - 5.2. U bevestig hiermee dat die persoon aangedui by opname as 'n lid of afhanklike van die fondse, wel 'n wettige en opbetaalde lid is op die datum van opname.
  6. Selfs al is u 'n lid of afhanklike op 'n mediese fondse, is u steeds ten volle aanspreeklik vir die volle rekening, ongeag of u fondse vooraf magtiging gegee het of nie. In sekere gevalle betaal mediese fondse net 'n deel van die behandelings koste en kan daar steeds 'n gedeelte van die rekening uitstaande wees, wat u voor aanspreeklik bly. U moet ons binne 30 kalenderdae van die datum wat op so 'n rekening verskyn, betaal.
  7. As u rekening nie vereffen word nie, sal ons u kennis gee van 20 werksdae waarin u dan die agterstallige rekening kan vereffen. As u dan steeds versuim om die uitstaande bedrae te betaal vir 'n verdere 10 werksdae, sal die rekening oorhandig word vir skuldinvordering. Dit kan daartoe lei dat u 'n slegte krediet rekord opbou en selfs dat u geswartlys mag word.
  8. Ons mag 'n maksimum van 2% rente hef per maand op uitstaande bedrae, soos bepaal deur die Nasionale Krediet wet, U sal ook verantwoordelik gehou word vir alle kostes wat verband hou met die invordering van die skuld, soos kommissie en fooie gehef deur die skuldinvorderaar of prokureur.
  9. Indien u van mening is dat u mediese fondse u rekening moes vereffen het, kan u 'n klag lê by die Raad op Mediese Skemas by faks nr.: (012) 431-0608 of per e-pos: [complaints@medicalschemes.com](mailto:complaints@medicalschemes.com).

**DIENSLEWERING****parafeer**

10. Alhoewel ons ons bes probeer om dienste te lewer op die datum en tyd soos afgespreek, kan dit gebeur dat 'n vorige pasiënt dalk langer behandeling benodig het, of dat 'n noodgeval voorkeur moet geniet. Deur toe te stem tot ons dienste, stem u toe tot hierdie onsekerheid. Ons sal egter, indien moontlik, stappe neem om u in kennis te stel as ons die tyd van dienslewering moet verander.

**KLAGTES EN BESORGDHEID****parafeer**

11. Die hospitaal verseker u dat alle klagtes en besorgdhede toepaslik en so spoedig moontlik aangespreek sal word. Wanneer die hospitaal besoek word en van die dienste en produkte gebruik word, sal alle pasiënte, in die geval van klagtes en besorgdhede, toegang hê tot die hospitaal se klagte beleid en -vorms. Beide die beleid en vorms is beskikbaar by ontvangs en kan na voltooiing in die houer vir die doel geplaas word. Die hospitaal wil ook 'n beroep op u doen om hierdie roete te volg voordat u enige eksterne aksie neem met 'n buite instansie.

**parafeer****VERTROUOLIKHEID**

12. Ons sal al u inligting as vertroulik hanteer en hou. Dieselfde geld vir kinders 12 jaar en ouer. Ons mag slegs u inligting bekend maak met u geskrewe toestemming, en selfs nie eens as 'n familielid dit aanvra nie. Verskaf asb. die geskrewe toestemming sou u wil hê dat sekere inligting aan u familie bekend gemaak moet word.
13. In die volgende spesiale gevalle verplig wetgewing ons om u persoonlike inligting bekend te maak en dat u toestem om by ons dienste te ontvang, beteken dat u toestem en kennis neem van die omstandighede:
  - 13.1. **Aan u mediese fondse:** Moet ons 'n diagnose kode en ander behandelings- / operasie-inligting bekend maak, sodat die fondse kan evalueer of dit binne u voordele val al dan nie.
  - 13.2. **Aan die Vergoedingskommissaris of die Padongelukke Fondse:** Indien u wil eis van enige van die instellings in gevalle van werksverwante ongelukke of -siektes, of in geval van 'n motorongeluk.
  - 13.3. **Aan verwysende Gesondheidsorgpraktisyns en ander betrokke by u sorg:** Inligting wat noodsaaklik is en in u beste belang is, sal met hierdie persone gedeel word in terme van die bepalings van die Nasionale Gesondheid wet.
14. Ons hou en gebruik en/of verkoop anonieme inligting (d.w.s. sonder u naam, identiteitsnommer of adres) aan maatskappye wat die data versamel om te sien wat die neigings in gesondheidsdienste is.
15. Sommige mediese skemas verskaf alle inligting van al die persone op 'n fonds aan die hooflid. Ons aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige persoonlike inligting so bekendgemaak deur u fondse nie. Rig asb. navrae in hierdie verband aan u fondse.

**OOGMERK EN AARD VAN GESONDHEIDSORG****parafeer**

16. U bevestig dat u verstaan dat, in gesondheidsorg, resultate nie gewaarborg kan word nie. Die uitkoms van behandeling / operasies hang ook af van hoe mense se liggame reageer daarop.
17. U bevestig dat u verstaan dat u gedrag of dié van u kind of afhanklike die uitkoms van gesondheidsorg mag beïnvloed. U bevestig dat u alle instruksies aan u verskaf deur gesondheidspersoneel sal volg, asook dat u vir opvolgbesoek kom, indien so versoek. Indien u nie hieraan voldoen nie, onderneem u om nie die hospitaal en die personeel vir enige negatiewe gevolge aanspreeklik te hou nie.

**KINDERS EN GESONDHEIDSORG****parafeer**

18. U verklaar dat u verstaan dat, as 'n ouer of voog, u regs aanspreeklik is vir die kostes van u kind se gesondheidsorg, selfs al laat die Kinderwet toe dat 'n kind van 12 – 18 jaar wat die implikasies van die behandeling verstaan, alleen kan toestem tot behandeling. U verklaar ook dat u bewus is dat daar 'n spesiale bedeling van toepassing is in geval van operasies, waar wetlik-voorgeskrewe vorms gebruik moet word.

**TOERUSTING, MEDIËSE TOESTELLE EN MEDISYNE****parafeer**

19. As ons 'n medisyne of 'n mediese toestel met 'n ander moet vervang, sal ons eers u toestemming verkry vir die vervanging. Dit mag egter nie moontlik wees as u in teater is nie, maar ons sal u na die tyd inlig. Ons sal slegs in teater produkte vervang as dit noodsaaklik is, soos wanneer sekere produkte nie beskikbaar is nie, of as die spesifieke produkte nie geskik is vir u gesondheid-vereistes nie.
20. Aptekers- en gesondheidswetgewing verbied ons om medisyne of mediese toestelle of toerusting terug te neem. Ons sal u dus nie u geld kan teruggee nie.
21. In geval van bewese kwaliteit probleme, of hoe die produk werk, sal ons die verskaffer kontak, wat die saak sal hanteer. Hulle sal besluit of 'n herstel, u geld terug of a vervanging verskaf moet word. Neem asb. kennis dat elke vervaardiger sy eie reëls in die verband mag hê. In die algemeen moet u in ag neem dat enige veranderings aan die produkte die waarborg daarop ongeldig mag maak.

**VERPLIGTINGE VAN DIE PASIËNTE / KLIËNTE / VERBRUIKERS****parafeer**

22. U moet hou by die reëls van die hospitaal en die instruksies soos gegee deur personeel of gesondheidswerkers.
23. U is geregtig daarop dat u vrae beantwoord word. Indien u nie vrae vra nie, neem ons aan dat u alles verstaan en dat u daarmee saamstem.
24. U en/of u familie of ander persone wat die hospitaal besoek mag nie die personeel teister nie. Hulle moet met respek behandel word. Indien nie, kan ons, in terme van wetgewing, weier om u of hulle te behandel of aanhou om hulle te behandel. In sulke gevalle sal ons u na 'n ander hospitaal verwys.

**parafeer**

Handtekening van pasiënt / ouer / voog

Handtekening: Opname Klerk

Wat bevestig dat sy/hy verstaan en toestem tot bogenoemde.